
# Die San van Africa



Voetspore

KOPIEREG
Dit is eers wanneer jy self maande spandeer het om 'n produk soos hierdie te skep, dat jy waardering ontwikkel vir die waarde van 'n ander persoon se werk en die opoffering wat dit verg. Dit is baie maklik om bruikbare inligting te kopieer ten einde die onkoste van self die boek te koop te spaar, maar dit beteken dat jy 'n ander se werk gebruik sonder om die persoon daarvoor te vergoed. Dit is diefstal.

Die kopiëring of uitleen van hierdie projekpakket is 'n skending van kopiereg, so ook die oordra van die konsep wat daarop neerkom dat die skrywers se werk gebruik word sonder vergoeding aan die regmatige ontwikkelaars

Toestemming word aan die aankoper verleen om een afskrif vir sy of haar eie familie of klaskamer te maak.

Enige persoon wat die verskafde materiaal vir enige ander doel wil reproduseerword versoek om die kopiereghouers te kontak.

'n Goeie arbeider is sy loon werd

Respekteer asseblief die kopiereg of kontak die kopiereghouers, Shirley Erwee en Wendy Young,per e-pos enige kopieregversoeke wat u mag hê , by footprints@south-africa-homeschool-curriculum.com.

U integriteit word waardeer.

KENNISGEWING AAN DIE AANKOPER
Die oogmerk van hierdie produk is om geskikte en betroubare inligting rakende die betrokke vak aan te bied. Dit word verkoop met die verstandhouding dat die skrywers en uitgewers geen regskundige, professionele of opvoedkundige dienste verskaf nie. Indien enige regskundige, opvoedkundige of ander deskundige ondersteuning of advies met betrekking tot die gebruik van hierdie materiaal benodig word, moet gebruik gemaak word van die dienste van professionele persone.

Die bronne, publikasies en navorsing wat gebruik is in die ontwikkeling van die inligting, idees en voorstelle hierin vervat word as betroubaar beskou, maar word nie gewaarborg in soverre dit in 'n spesifieke klaskamer- of tuisonderwysomgewing toegepas word nie.

Die skrywers en uitgewers word gevrywaar van enige aanspreeklikheid, verlies of risiko, persoonlik of andersins, direk of indirek, wat mag voortspruit uit die gebruik of toepassing van enige van die voorstelle of inhoud van die produk.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

# Inhoud


| | |
|---|---|
| 1. Inleiding | 4 |
| Wysig 'n projek | 5 |
| Wees Kreatief | 5 |
| Voordele van die gebruik van 'n Voulêer-vouboek | 5 |
| Benodigdhede | 6 |
| 2. Die San van Afrika | 7 |
| Woestyn | 7 |
| Voorkoms | 7 |
| Tuiste | 7 |
| Jag en opsporing | 8 |
| Kos en Stamrolle | 9 |
| Water | 10 |
| Geloof | 11 |
| Musiek | 11 |
| Taal | 11 |
| Die San Vandag | 12 |
| 3. Instruksies | 13 |
| Maak jou Mini-boekies | 14 |
| Uitgesynde Vorms | 16 |




© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

## Inleiding

As tuisonderwys-moeders / onderwysers het ons besef dat ons kinders dit baie geniet om dit wat hulle leer op skeppende wyse uit te beeld. Omdat ons van literatuur-gebaseerde leer gebruik maak is dit vir die kinders belangrik om iets tasbaar as bewysstuk van hul vordering te hê.

Wanneer ons oor 'n onderwerp leer, maak ons gebruik van 'lewende boeke' en toepaslike naslaanwerke. Deur versigtig uitgesoekte fiksie voor te lees word ons kinders se algemene kennis oor 'n gegewe persoon, gebeurtenis of tydperk verbreed en ons geniet dit om hierdie kennis op verskillende maniere uit te beeld.

Ons maak hoofsaaklik gebruik van notulering (*'narration'*) en werksvelle (*'notebooking'*) om ons werk te boekstaaf, maar om die eentonigheid te breek, het ons verskeie ander projekte geskep – plakkate, temaboeke en hierdie projekpakkette wat bestaan uit 'n versameling mini-boekies.

Besoek die Voetspore webblad by www.south-african-homeschool-curriculum.com vir gratis drukbare werksvelle met Suid-Afrikaanse temas.

Skoolkinders maak normaalweg temaboeke oor die verskillende bevolkingsgroepe van suidelike Afrika, maar as tuisonderwysgesinne en -onderwysers het ons besef dat dit vir jonger kinders, selfs met hulp en toesig, 'n oorweldigende taak kan wees.

Ons het die geskiedenisprojekte-in-n-voulêer geskep (vouboeke) om gerieflike, drukbare mini-boekies te vorm wat kinders dan kan saamvoeg in 'n eenheidstema. Al die tersaaklike gegewens, instruksies asook patrone word druk- en knipgereed voorsien.

Projekte is prettig wanneer dit in samehang met die kind se studietema gedoen word in plaas daarvan dat dit bloot 'n toonstuk vir ander word.

Vouboeke bied aan kinders die geleentheid om in te kleur, te knip, te vou en terug te vertel terwyl hulle terselfdertyd 'n maklik toon-en-bêre-lêer, wat met hul studies verband hou, skep.
Tuisonderwysgesinne het ontdek die studie van Suid-Afrika hou hope pret in wanneer dit met ons literatuur-gebaseerde kurrikulum gedoen word.

Ons is bewus daarvan dat sommige mense slegs in die **Suid-Afrikaanse geskiedenisdeel** van Voetspore belangstel, dit vorm egter 'n volledige eenheidstudie en daarom is dit nie moontlik om ons program op te breek om aan hulle versoek te voldoen nie.

**MAAR, ons het goeie nuus!** Met hierdie reeks voulêerprojekte, algemeen bekend as vouboeke ("*lapbooks*"), kan jy 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis of 'n spesifieke Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep kies vir 'n prettige en maklike studie van die gekose tema.

Hierdie projekte kan jul tuisonderwyskurrikulum komplementeer, 'n eenheidstudie aanvul of as 'n alleenstaande eenheidstudie gebruik word. Dit kan ook gebruik word as gerieflike oorbruggingsprojekte deur gesinne wat nog wag om hul kurrikulum te ontvang.

*The way in which the world develops has a relation to the way in which it was in the past. A community without history is like a person without a memory – incoherent. ~Bernard Baylyn, Harvard University*


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

## Wysig 'n Projek

Indien die voorgestelde aktiwiteite vir jou kind te moeilik is, is hier 'n paar voorstelle vir aanpassings.

1. Laat jou kind die antwoorde aan jou dikteer
2. Skryf jy die woorde en laat jou kind dit kopieer
3. Laat die kind sy/haar terugvertelling teken
4. Verkort die vrae of vereistes om by jou kind te pas

Vir gevorderde leerlinge kan die volgende aanpassings gemaak word:

1. Help hulle om die onderwerp verder te ondersoek, hetsy met internet, biblioteek of ander bronne waaroor julle beskik.

2. Laat hulle langer beskrywings notuleer. Jy kan ook ekstra sakkies of flappe aan die voulêer heg en ekstra werk daarin bêre.

## Wees kreatief

Gebruik die voulêer as die basiese beginpunt van jul projek.

- Vir 'n deegliker studie kan foto's van die kind se handewerk of praktiese projekte, uitstappies, geskiedkundige plekke of items of ander plekke van belang bygevoeg word.

- Heg brosjures of aandenkings van plekke wat julle besoek het ook aan.

- Skryf resensies van boeke, fiksie of naslaanwerk, wat julle oor die tema gelees het.

- Voeg enige tekeninge wat die kind oor die onderwerp gemaak het by.

- Tooi die voulêer met enige versierings – blinkertjies, kleurpenne, plakkers, linte, ens.

- As daar enige iets is wat jy voel by die spesifieke tema inpas, voeg dit by. Heg nog 'n voulêer aan – hetsy aan die sykante, bo of onder. Wees self kreatief

- Herrangskik die mini-boekies indien nodig.

## Voordele van die gebruik van 'n Voulêer-vouboek

1. 'n Voulêerprojek gee aan kinders die geleentheid om met die sleutelinligting van die studietema te werk en dit te hersien.

2. Die vermoë om antwoorde in geskrewe werk te soek, te sif en te vind, ouditiewe en begripsvaardighede word alles ontwikkel.

3. Die praktiese aktiwiteite is pret en ontwikkel klein motoriese vaardighede.

4. Kinders is mal daaroor om te leer deur te doen!

5. Kreatiewe moontlikhede is eindeloos. Kinders kan kreatief wees en hul eie unieke stempel op hul projek afdruk.

6. Voulêer-projekte is ideaal vir multivlak-leer.

7. Projekpakette kan by eenheidstudies ingesluit, as aanvullende studies of alleenstaande gebruik word.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

8. Projekte gee aan kinders grondige rede om te skryf en teken.

9. Voulêer-projekte is kompak en kan maklik gebêre word.

10. 'n Voulêer-projek kan deel van die kind se portefeulje word en is 'n handige manier om afgehandelde werk te hersien.

11. 'n Voulêer-projek spaar die ouer / onderwyser tyd en moeite, want al die navorsing en inligting word vir jou gerief voorsien.

## Benodigdhede

1. Twee voulêers per kind
2. Rondepuntskêr
3. Papier en karton om op te druk, verkieslik rooi, wit en blou
4. Gom
5. Krambinder met krammetjies
6. Kleeflint
7. Inkleurpotlode

## Aanbevole boeke en webwerwe

Tersaaklike inligting kan by die ingeslote webwerfskakels gevind word. Hou egter in gedagte dat webwerwe verander of verwyder kan word. Beoordeel asseblief altyd webwerwe voordat u dit met u kinders besoek. Indien dit sou blyk dat 'n webwerf ontoepaslike materiaal bevat of nie meer van toepassing is vir die betrokke tema nie, stel ons asseblief in kennis. Baie dankie


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

## Die San van Afrika

In vergete eeue, toe die Khoikhoi mense in kontak gekom het met die inheemse jagter/versamelaar nomade wat verskeie areas in Afrika bewoonhet, het hulle, hulle die "San" genoem, wat "kos-versamelaars" beteken. Anders as die Khoikhoi het die San nie mak diere (vee) gehad nie, en het slegs staatgemaak op die wild wat hul gejag het vir kos. Daar is baie San-tekeninge reg oor Afrika, wat vir ons aandui dat hulle op 'n stadium die hele kontinent vol getrek het. Baie van hulle tekeninge beeld presies uit hoe hulle gelewe het, hoe hulle uitgekamp het, heuning versamel het en plante as kos versamel het. Argeoloë is van mening dat die San se tekeninge en kuns 'n geestelike betekenis gehad het.



Alhoewel hulle nomadies was, het die verskillende groepe tog binne spesifieke areas gebly. Hulle moes altyd met die seisoene rekening hou. Hulle was baie beskermend teenoor hul watergate en sou nie skroom om 'n persoon wat oortree deur water te steel, dood te maak nie.

Met tyd het ander groepe en wit kolonialiste begin inbeweeg op die San se tradisionele jag areas. Sommige het saam met hulle gelewe en ander het meer wes en noord beweeg in hul soeke na 'n stukkie aarde waar hulle hul tradisies sorgvry kon uitleef.

Vandag kom die San voor in die Noordwes, Kalahari, Namibië en Botswana. Deesdae is die San minder nomadies as wat hul voorgeslagte was.

### Woestyn

Die Kalahari is 'n woestyngebied in Afrika. Die San het die besonderse vermoë om te oorleef en te floreer in dié dorstige landskap. Die woestyngebied is 'n gebied met 'n baie droë klimaat, waar dit amper nooit reën nie.

Woestyne lyk soms of dit leeg en leweloos is, maar by nadere ondersoek sal daar 'n groot verskeidenheid plant- en dierlewe waargeneem word. Plante, diere en mense slaag daarin om te oorleef in die droë en afgeleë areas. Woestyne is gewoonlik baie warm gedurende die dag en baie koud na die son gesak het.

### Voorkoms

Die San is baie klein van postuur, fyngebou met 'n geel velkleur en peperkorrel-hare. Hulle is geneig om hartvormige gesigte te hê, met fyn gelaatstrekke. Die ouer garde het gewoonlik baie plooie wat veroorsaak word deur die ongenaakbare Afrika-klimaat. Die vrouens neig om vet in hul agterstewe te stoor en hul rûe is hol-gekrom.

### Tuiste

Omdat die San nomadies is, bou hulle hul hutte met gras. Takke word in die grond geplant en met die bas van knoppies-doringbome vasgebind. Die mans in die groep plant gewoonlik die takke en



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

bou die raamwerk, terwyl die vrouens die gras versamel en die hut in lae dek. Die voltooide hut is redelik warm, wat noodsaaklik is in die Kalahari, waar die temperatuur, sodra die son sak, baie vinnig en baie skerp kan daal. Die hutte is ook waterdig en bied skuiling teen storms in die reënseisoen.

Slaapplekke word gewoonlik uitgehol in die sand en word met gras en vel karosse bedek. Dit dien as beskerming teen die koue. Die San het nie baie huishoudelike besittings nie. Hul enigste klere is velkarosse, skede-lappies en voorskote. Die semi-nomadiese leefwyse, waar hulle baie rondtrek, maak dit onprakties vir hulle om 'n klomp besittings op te gaar en saam te dra.

Hutte word gewoonlik in 'n sirkel rondom 'n sentrale vuurput gebou, wat dan dien as die bymekaarkomplek van die gemeenskap. Die San-gemeenskappe trek gewoonlik saam met die seisoen – opsoek na kos en water – maar hulle sal ook oppak en trek wanneer iemand te sterwe kom of indien die ongeluk hul ry in 'n spesifieke plek. Hulle sal nie weer terugkeer na daardie spesifieke area voordat die graf of die gebeurtenis deur almal vergeet is nie.

## Jag en opsporing



Die rol van die mans in die gemeenskap is om te gaan jag en vleis vir die groep te voorsien. Hulle is besondere goeie jagters en uitstekende spoorsnyers. Verskillende gemeenskappe gebruik verskillende bestanddele om gif te vervaardig, wat hulle aan die punte van hul jagpyle smeer. Party van hulle gebruik die gif van skerpioene en spinnekoppe, terwyl ander weer die sap van spesifieke plante gebruik. 'n Dodelike konkoksie word gemeng wat, sodra dit die bloedstroom ingaan, konvulsies, bloeding en verlamming veroorsaak, met 'n uitgerekte en pynlike dood tot gevolg.

Vandag word San-mans gereeld deur die polisie ingespan om misdadigersse spoor te volg deur beboste en ander areas. Hulle is baie fyn ingestel om enige verandering in die omgewing waar te neem. Hulle sien selfs 'n gebreekte takkie, platgetrapte stukkie gras of 'n klippie wat versteur is. Dit stel hulle instaat om die verdagtes baie lank en oor uitgerekte afstande te agtervolg.

Vandag word San mans gereeld deur die polisie ingespan om misdadigers se spoor te volg deur beboste en ander areas. Hulle is baie fyn ingestel om enige verandering in die omgewing waar te neem. Hulle sien selfs 'n gebreekte takkie, platgetrapte stukkie gras of 'n klippie wat versteur is. Dit stel hulle instaat om die verdagtes baie lank en oor uitgerekte afstande te agtervolg.

Die San is oor die algemeen baie bygelowig. Hulle is baie bygelowig oor verkleurmannetjies maar tog glo hulle dat, indien 'n verkleurmannetjie oor hul boog loop, die eienaar van die boog baie voorspoed sal hê op jagtogte. Die San jag 'n verskeidenheid bokke, maar kameelperde, vlakvarke en slange word ook gejag en in wippe gevang. Die mans jag gewoonlik in groepe en begin die proses deur 'n spoor te vat en dan te besluit op watter dier hulle jag gaan maak.

Sodra 'n dier geskiet is, word die dier oor 'n groot afstand gevolg tot dit vrek. Die San is bekend vir



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

hul uithouvermoë wat hul in staat stel om selfs vir dae aaneen die spoor van diere te volg. Die San sal ook nooit op meer kos jag maak as wat hulle nodig het vir hul eie oorlewing nie.

Hulle leef in totale harmonie met die natuur en sal nie die delikate ekologiese balans waarin hul beweeg, versteur nie.
Na 'n suksesvolle jagtog sal daar saam feesgevier, gesing en gedans word in 'n trans-tipe ritueel om die vuur. Wanneer wild skaars is breek die jagters dikwels op in kleiner groepies op soek na kos.

## Kos en stamrolle

Soos ons almal weet is daar geen lekkergoedwinkels in die woestyn nie, en tog hou die San van soetgoed. Heuning is een van hul gunsteling lekkernye. Die San het 'n goeie verstandhouding met die groot Heuningwyser voëltjie.

Sodra die San die voëltjie se roep hoor, sal hul die voëltjie volg na die byekorf. Die San sal by die korf 'n vuurstokkie aansteek en die bye uit die korf rook. Daar word dan net 'n bietjie van die heuning uitgehaal vir hul eie gebruik en daar word ook 'n gedeelte vir die voëltjie uitgehaal. Die voëltjie hou van die was van die korf en natuurlik van die heuning.



Nog 'n bron van soetigheid vir die San is die gom van die kameeldoringboom. Die bome produseer 'n baie aangename gom waarvan die San, boomrotte en gompou (voël) hou. Soos jul kan sien is daar selfs in die woestyn voortdurende kompetisie vir die beste kos.

Die San-vrouens is die hoof-voorsieners van voedsel vir die gemeenskap. Terwyl die moderne, westerse vroue gaan inkopies doen by winkels soos Woolworths en Pick n Pay, kan die San vroue kies en keur en hoef nie eers te betaal daarvoor nie.

Hulle versamel daagliks wortels, bessies, knolle en ander vrugte – dit terwyl die mans soms vir dae aaneen op jagtogte gaan. Die San eet meestal vegetaries. Vleis maak slegs 20-30% van hul dieet uit.

Die San-vroue gebruik stokke om mee te grawe en het sakke, wat uit vel gemaak is, om voedsel te versamel. Hulle gaan gewoonlik saam as 'n groep en gesels en sing terwyl hulle werk. Die kinders vergesel meestal die vroue en leer van kleins af om plante te identifiseer en te weet watter plante eetbaar en bruikbaar is.

Tsamma-waatlemoene is baie nuttig en kosbaar vir die San. Dit is nie net 'n baie goeie bron van vloeistof wanneer water skaars is nie, maar is ook lekker sappig en smaaklik. Die saadjies word gerooster en proe baie soos grondboontjies. Die saadjies word ook fyngemaal en gebruik as meel vir bak. Die uitgeholde skille van die tsamma-waatlemoen word selfs as potte, borde en bakkies ingespan om uit te eet en te gebruik.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Die kinders geniet dit baie om met tsamma-waatlemoene te speel. Dit word gebruik as rolbal balle en kan selfs dien as teiken wanneer hulle met hul pyl-en-boog oefen.
'n Volstruiseier is 'n baie kosbare skat vir die San. Een volstruiseier is so groot soos 24 hoendereiers, en maak 'n smaaklike ete. 'n Klein gaatjie word in die dop gemaak en die inhoud word dan in 'n bakkie gedreineer. 'n Takkie van die "driedoring" bossie word ingespan as 'n klitser om die eier te roer en voor te berei vir die groep.



Die leë eierdop word dan gewoonlik deeglik skoongemaak en gebruik om water te stoor. Die gaatjie wat ingeboor is word toegestop met gras en 'n klein stukkie sagte springbokvel. Nadat die eier daarmee toegemaak is, word die gras natgemaak sodat dit uitsit en soos kurk in 'n bottel werk.

Die eierdoppe vol water word begrawe, vir gebruik in tye wanneer water skaars is. Gebreekte eierdoppe word gebruik om krale te maak. Die doppe word saam met ystervarkpenne en 'n verskeidenheid sade ingeryg om hangertjies en armbande te maak.

## Water

Die grootste gedeelte van die Kalahari, die area waar die San tans 'n bestaan voer, is sonder water vir 'n groot gedeelte van die jaar. Wanneer dit wel in die Kalahari reën, vier die San fees. As gevolg van waterskaarste in die woestyn maak die San op baie ander bronne vir vloeistof staat, byvoorbeeld Tsamma-waatlemoene wat voorheen genoem is, asook 'n verskeidenheid van ander bolplante. Hulle is noodsaaklik vir die San se oorlewing.
Omdat water so skaars is, doen die San baie moeite om wel water te vind, dit te beskerm en stoor. Reën is nie net noodsaaklik vir die San se voortbestaan nie, maar ook vir die plante en diere waarvan hulle afhanklik is. Om hul waterbronne te beskerm kan dus 'n geval van lewe en dood wees wanneer daar 'n skaarste is.
Die San is baie bekwaam in die uitwys van ondergrondse water in droë rivierbeddings. Hul plaas 'n rietstrooitjie in die sand en suig die water op.

Daar is geen winkels in die woestyn nie, dus moet die San-mense als wat hul nodig het maak uit wat die natuur vir hulle voorsien. Hul gereedskap, eetgerei, klere, wapens en selfs speelgoed word so gemaak – niks word ooit vermors in die natuur nie. Hout van bome word gebruik om pyle en boë te


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

maak. Riete en takke word gebruik om hutte en skuilings te bou. Die skille van die Tsamma-waatlemoen word gebruik as bakkies en leë eierdoppe word gebruik om water in te stoor.

Wanneer diere doodgemaak word, word elke deeltjie gebruik. Van die vel word komberse en klere gemaak; en van die bene word messe, naalde en ander eetgerei gemaak. Al hierdie vaardighede word van geslag tot geslag oorgedra.

Die San het hul eie vuurmaak-stokkies. Hulle het nie aanstekers of vuurhoutjies nie. Hulle is goed geleer om met groot vaardigheid 'n klein rietjie tussen hul handpalms te vryf en dit vas te druk op 'n ander stokkie. Die wrywing veroorsaak dat die stokkie begin gloei en dan word 'n vuurtjie aangeblaas uit die gloeiende kooltjies.

## Geloof



Die meeste San-gemeenskappe glo dat die wêreld deur 'n opperwese (genaamd Kaggen) gevorm is.
Hulle glo dat hy in staat is om baie vorms aan te neem (soos 'n eland, haas, slang, aasvoël en hottentotsgot). Wanneer hy nie in een van dié vorms verskyn nie, word daar geglo dat hy 'n normale lewe van jag en veg beleef. Die San glo dat die eland die Kaggen se gunstellingdier is.

Die moderne San, wat in die Kalahari bly, glo in twee gode. Die groot god van die ooste (wat kragtig is en goed is) en 'n kleiner god van die weste. Soos die San uit die suide, glo hulle in die geeste van dooies, maar hulle aanbid nie hul voorvaders nie.
Die geeste word slegs vaagweg geïdentifiseer en daar word geglo dat die geeste siekte en dood bring.

Die San is uiters goeie storievertellers, en hul stories word van geslag tot geslag oorgedra. Baie van hul verhale gaan oor diere wat eens mense was, die son, maan, reën en wind.

## Musiek

Jy het seker nou ook al besef het dat die San baie natuurlike hulpmiddels gebruik om hul musiek instrumente te maak. Sade word om hul enkels gebind om 'n ratel-klank te maak terwyl hulle dans.

Hulle gebruik 'n boog (word 'n Gorah genoem) wat 'n geluid maak wanneer die tou met 'n stok geslaan word. Vandag gebruik hulle ook vervaardigde produkte soos parafien blikke en draad om instrumente te maak.

## Taal

Die klanke wat voorkom in die verskillende San dialekte word beskou as die mees komplekse klanke in die wêreld. Daar bestaan 'n wye verskeidenheid groet dialekte (bekend as die Nama-dialekte/tale).


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Familie eenhede het dikwels verskillende dialekte gepraat, anders as hul bure, maar daar bestaan tog 'n redelike ooreenkoms en begrip tussen die dialekte.

Die taal bestaan uit uitkenbare "klikke" en ander unieke klanke. Daar is 'n verskeidenheid "klik" klanke en ons toon dit hier aan met die volgende tekens:

/, ! en // of tande-klik. Om hierdie "klik" te maak, word die punt van die tong agter die boonste voortande gedruk en weggetrek, wat dan 'n wrywingsklank maak.

! of verhemelte-klik. Om hierdie klank te maak word die tong ferm teen die verhemelte van die mond gedruk. Dit word dan vinnig weggevat en maak 'n harde klap-geluid

// of laterale-klik. Die tong word agter die voortande tussen die verhemelte en die tande bo in die mond gedruk. Die tong word dan aan weerskante van die tande opgelig. Die klank klink baie soos die klank wat 'n joggie gebruik om 'n perd aan te spoor om te hardloop of stop.

Die San vandag


Ons weet dat die eerste mense wat in ons land gewoon het 'n eenvoudige nomadiese bestaan gevoer het, gejag het en as hegte gemeenskappe saam geleef het. San-tekeninge in grotte is wyd verspreid oor ons hele land en skets vir ons 'n prentjie van hul geloof, oortuigings, die jagtogte waarop hulle gegaan het en hoe hulle as gemeenskap saamgeleef het. Die Duitse setlaars het stelselmatig die San uitgeroei omdat hulle beskou is as veediewe en 'n oorlas. Diegene wat wel oorleef het, het gevlug na die mees afgesonderde dele van die woestyn.



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

## Instruksies

Maak jou lêergids

1. Maak jou lêer oop en lê dit plat. Vou die buitekante van jou lêer na die in die middel en druk dit af om 'n nuwe vou aan die een kant te maak.
2. Herhaal dit met die tweede lêer. Plak nou die twee lêers aan die een kant vas waar jou het gevou, om ‘n middelklep te maak.






© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Maak jou Mini-boekies

1. Waar Woon Hulle
Lys die lande waar die San woon en skadu die gebiede op die kaart van Afrika. Kram die boonste klep oor die onderste bladsy aan die bokant vas om 'n hysbak te maak op boekie.
Kram die boonste klep oor die onderste bladsy aan die bokant vas om 'n hysbak te maak op boekie

2. Huise
Teken of beskryf die huise van die San in die boekie.

3. Kos
Lys of teken die kos wat die San eet in die seshoek wat voorsien word. Plaas 'n pen op die swart punt om 'n draaiwiel te skep.

4. Taal
Beskryf die belangrikste kenmerke van die San-taal op die spraakballonne voorsien.
Knip die praatballonne uit en kram dit vas bo-op mekaar om 'n boekie te maak.

5. San Besittings
Lys of teken die volgende San-besittings en rangskik dit dan in 'n laagboek.

6. Gebruike van Volstruiseiers
Knip die eiers uit en maak 'n waaierboekie deur 'n brad deur te steek al vier bladsye soos aangedui op die voorblad deur die O.
Beskryf en / of teken die verskillende maniere waarop volstruiseiers gebruik is die San.

7. Gebruike van Tsamma-waatlemoene
Lys die gebruike van tsamma-spanspekke in die boekie.

8. Interessante Feite oor die San
Knip die legkaartstukke uit. Plaas gom op die grys kolle op die vorm wat volg en plak die legkaartstukke op die ooreenstemmende stukke.
Buig die 'nekke' van elk van die stukke sodat dit opgelig kan word individueel. Skryf feite wat u interessant gevind het onder die vorm.

9. Water wat in die woestyn gevind word end gestoor word.
Lys die plekke waar die San water vind en beskryf hoe hulle dit kry en bêre dit.

10. Die Definisie van ’n Woestyn
Vou langs die swart lyne sodat die prente in die middel van mekaar raak die buitekant van die sluitertjie.
Skryf u definisie van 'n woestyn aan die binnekant neer.

11.Godsdiens en Oortuigings
Kruisvouboekie: Maak 'n lys van mense of diere wat die San glo gehad het bonatuurlike kragte.
Plak die middelste blok van die boekie vas en vou die ander kleppe op af.

12. Rotskuns deur die San
Beskryf die materiaal wat die San gebruik het om rotskuns te doen, en die belangrikheid van hul skilderye. Voeg enige ander interessante feite of inligting wat u oor San-skilderye ontdek het by.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

13. Vuurmaak
Beskryf hoe die San vuur maak in die driehoekflapboek.

14. Woordeskat


15. Boekresensie
Smeer gom aan die kante van die onderkant en twee kante.
Vou u boekresensievel in die helfte en bêre dit in die sak. Voeg enige ander by notas wat u ook in hierdie sak wil bêre.

16. Opspoor en Jag
Sit jou voet op 'n bladsy, teken die buitelyn en knip dit uit. Op die voetspoor, skryf hoe die San-vaardighede vir opsporing en jag.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Lys die lande waar die San woon en skadu die gebiede op die kaart van Afrika. Kram die boonste klep oor die onderste bladsy aan die bokant vas om 'n hysbak te maak op boekie.

Kram die boonste klep oor die onderste bladsy aan die bokant vas om 'n hysbak te maak op boekie









© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Teken of beskryf die huise van die San in die boekie.





© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.





Lys of teken die kos wat die San eet in die seshoek wat voorsien word. Plaas 'n pen op die swart punt om 'n draaiwiel te skep.



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Beskryf die belangrikste kenmerke van die San-taal op die spraakballonne voorsien.
Knip die praatballonne uit en kram dit vas bo-op mekaar om 'n boekie te maak.






© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Lys of teken die volgende San-besittings en rangskik dit dan in 'n laagboek.

Klere

Musiek Instrumente

Gereedskap


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Eetgerei

Juweliersware


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Wapens

San Besittings



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Knip die eiers uit en maak 'n waaierboekie deur 'n brad deur te steek al vier bladsye soos aangedui op die voorblad deur die O.
Beskryf en / of teken die verskillende maniere waarop volstruiseiers gebruik is die San.

o


# Gebruike van Volstruiseiers





© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Lys die gebruike van tsamma-spanspekke in die boekie.







© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.


Knip die legkaartstukke uit. Plaas gom op die grys kolle op die vorm wat volg en plak die legkaartstukke op die ooreenstemmende stukke.

Buig die 'nekke' van elk van die stukke sodat dit opgelig kan word individueel. Skryf feite wat u interessant gevind het onder die vorm.






© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.




© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Lys die plekke waar die San water vind en beskryf hoe hulle dit kry en bêre dit.







© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Vou langs die swart lyne sodat die prente in die middel van mekaar raak die buitekant van die sluitertjie.

Skryf u definisie van 'n woestyn aan die binnekant neer.



van 'n Woestyn




Die Definisie



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Kruisvouboekie:
Maak 'n lys van mense of diere wat die San glo gehad het bonatuurlike kragte.
Plak die middelste blok van die boekie vas en vou die ander kleppe op af.





© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

Beskryf die materiaal wat die San gebruik het om rotskuns te doen, en die belangrikheid van hul skilderye. Voeg enige ander interessante feite of inligting wat u oor San-skilderye ontdek het by.


**Rotskuns**



**deur die San**



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.




Beskryf hoe die San vuur maak in die driehoekflapboek.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

# Woordeskat

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | O | L | R | A | A | W | E | B | R | B | E | D | D |
| N | H | B | E | V | O | L | K | I | N | G | E | L | E |
| R | E | E | N | S | T | A | M | I | N | A | E | I | T |
| S | D | O | O | R | I | N | K | R | I | E | D | F | G |
| I | I | R | M | E | N | L | K | I | B | T | O | O | A |
| N | E | K | A | U | H | L | E | T | L | E | R | L | L |
| O | T | L | D | O | E | K | I | G | E | E | E | K | S |
| L | K | I | I | R | E | U | I | L | E | O | D | L | E |
| O | A | M | E | O | M | A | A | O | K | N | A | O | G |
| K | F | A | S | O | S | A | E | E | E | V | D | R | D |
| N | E | A | E | V | P | R | I | M | I | T | I | E | F |
| A | T | T | T | E | O | W | O | N | I | N | G | S | I |
| E | R | E | T | N | A | W | R | E | V | G | E | B | T |
| D | A | E | G | D | G | S | R | E | N | O | W | N | I |

INHEEMS
VERWANTE
NOMADIESE
UITBEELD
LEGENDE
KOLONIS
DOR
BEVOLKING
ARTEFAKTE
WONINGS
PRIMITIEF
BEWAAR
GESLAGTE
VOOROUERS
INWONERS
KLIMAAT
FOLKLORE
DODELIK
STAMINA


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.

# Boek Resensie

Titel ______________________________

Skrywer ______________________________

Uitgewer ______________________________

______________________________

Datum van publikasie ________________

Oorsig van die inhoud ________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

My mening oor hierdie boek ____________

______________________________

______________________________

______________________________



© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.


# Boekresensie



Smeer gom aan die kante van die onderkant en twee kante.

Vou u boekresensievel in die helfte en bêre dit in die sak. Voeg enige ander by notas wat u ook in hierdie sak wil bêre.


© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.









© Kopiereg 2021. Footprints On Our Land. Alle regte voorbehou.